Storie skakel persoonlike en politieke geheue saam

***Letters of Stone* deur Steven Robins. Uitgewer: Penguin Books SA. Prys: R250. Resensent: Terry Shakinovsky**

Die spil waarom *Letters of Stone* draai, is 'n swart-en-wit foto wat van kindsbeen af by die skrywer spook. Die foto is in die eetkamer van hul gesin se huis in Port Elizabeth uitgestal en toon drie vroue in ouderwetse klere.

Daar was, skryf Robins, "a black hole of silence that suffocated any mention" (van die vroue in die foto).

Eers toe hy 'n volwassene was, sou hy ontdek die mense was sy pa se ma en haar twee susters wat in die Joodse volksmoord dood is.

Jare later sou familie van hom 'n pak briewe vind wat die vroue aan sy pa en oom in Suid-Afrika geskryf het. Dit was asof die spoke van 'n verlede waaroor daar nie gepraat is nie, skielik in die hede beland het om met die skrywer in gesprek te tree. Só begin 'n pynlike reis op pad na familie, die geskiedenis, en kwessies soos identiteit en verlange.

"May you find a happy home in the faraway continent, where you will experience the fullest contentment," skryf Robin se ouma aan die geliefde seun wat sy nooit weer sal sien nie. "Perhaps God means well with us and will unite us again in peace."

Dit is moeilik om hierdie woorde van liefde en hoop te lees en eintlik te weet dat sy en haar man geskiet en in 'n massagraf begrawe sou word en dat haar dogters in die Auschwitz-kamp sou sterf.

Wat *Letters of Stone* egter merkwaardig maak, is die intieme storie wat dit vertel van die mens se deursettingsvermoë en liefde in die aangesig van tragedie. Vertellings van vervolging verskyn in die briewe neffens stories oor kaartspeletjies, verjaardagvieringe en ander huishoudelike gebeure. 'n Brief waarin Robin se ouma vermeld "As from tomorrow many Jews are losing their livelihoods . . ." sluit af met 'n verslag oor nuwe linoleum wat gekoop is sodat die kamer mooi skoon kan lyk.

Die dringendste sake wat in die briewe bespreek word, is die



familie se herhaaldelike pogings om uit Nazi-Duitsland te vlug terwyl die strop om hul nekke ál nouer trek. Die familie hoop dat Edith, een van die vroue op die foto, die volgende sal wees om uit Duitsland te kan kom. In die briewe word vertel van desperate pogings om na bykans elke uithoek van die wêreld te vlug.

Dit is op dié punt dat Robins se akademiese opleiding as sosioloog 'n nuwe dimensie aan die verhaal verleen.

Terwyl die een land ná die ander hul deure vir sy verwante sluit, verduidelik hy die samevloei van politiek en ideologieë wat dit onmoontlik maak om te ontsnap.

Die leser begin verstaan waarom Suid-Afrika – en ander lande – wetlike hindernisse opgestel het om Jode in die aanloop tot die Tweede Wêreldoorlog uit te hou. "It is usually those who flee to safety who end up living the rest of their lives with guilt. I fear that this may have been my father's fate. I wish I could have told him what I know now: that scientists, politicians and policy-makers had colluded in ways that preordained his failure to rescue Edith and the rest of his family," skryf Robins.

> 'n Reis deur die 'verbode herinneringe van die dood'.

Nog 'n deel van die verhaal kom na vore wanneer die outeur die geskiedenis van 'n familielid naspeur wat in die Noord-Kaap gewoon het. Robins ontdek 'n skakel tussen sy familie en die werk van 'n Duitse wetenskaplike, Eugen Fischer, wat destyds meegewerk het aan die siening van rassemeerderwaardigheid. Fischer het eksperimente op die Baster-mense van die destydse Duits-Suidwes-Afrika gedoen en op dié navorsing gesteun om sy moorddadige ideologie in Duitsland te ontwikkel.

Robins verskaf hierdeur die skakels van 'n ketting wat die lot van sy familie, die Jodeslagting in Europa in die 1940's en vroeëre volksmoorde in Afrika-kolonies met mekaar verbind.

Die ketting kring verstommend genoeg terug na die Universiteit Stellenbosch, waar die skrywer tans 'n lektor is. Hy ontdek fisieke getuienis van Fischer se eksperimente oor die eugenetiek wat in die argief van die universiteit begrawe lê en staan verwonderd oor die "onverwagte verbintenisse tussen verskillende tye en plekke".

Letters of Stone is 'n ontdekkingsreis van dit wat die skrywer "the forbidden memory of death" noem.

Die gevolg is 'n fassinerende en aangrypende boek wat 'n intieme verhaal van 'n familie verweef met 'n indringende blik op die mens se geskiedenis.

■ Terry Shakinovsky is 'n oud-BBC News-joernalis. Sy woon nou in Suid-Afrika en is 'n vryskut-skrywer en -omroeper.